*Vrydag* **14 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:1-7 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:1, 2**

**Rig jou lewenspad reg in**

Hier in die bekende alfabetiese lied, waar elkeen van die letters van die Hebreeuse alfabet met agt strofes die wet van die HERE beskryf en besing, is die eerste woordjie ’n saligspreking. *“Geseënd, gelukkig, welgeluksalig is die opregte van weg.”* Dit is elkeen wie se lewenspad reg ingerig word.

Elkeen van ons se lewenspad neem soms onbekende en onbeplande afdraaie. Die roetekaart van die lewe is nie altyd soos ons dit vooruit beplan nie. Baie maal is hier voor jou ’n skielike gevaar in die pad. Noodgedwonge moet jy uitswaai of rem, dan verloor ons beheer. In die meeste gevalle gebeur hierdie dinge omdat ons nie ag gegee het op die verkeersreëls nie. Of ons aandag was elders, of ons het nie die aanwysings gesien nie. Soms ry ons net te vinnig. So beskryf die Psalm in hierdie verse ook hoe ons lewe deur God se wet gerig word. As ons hierdie wet oordink en daaruit leef, maak dit die onbekende gevare soveel makliker om te hanteer. Dit vrywaar ons nie van ongeluk nie, maar dit gee ons die wysheid en moed om nie in moeilike omstandighede beskaamd te staan dat ons verkeerd opgetree het nie.

Die uiteinde van elkeen se lewenspad, wat met hulle hele hart, en nie halfhartig nie, op God gerig is, en sy wet oordink, hulle sal gelukkig wees en geseënd.

*Sing: Psalm 119-1:1, 3*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Centurion)*